

14 Maart 2013

Jaargang 6 – Uitgawe 6

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Die Here het vir ons ruimte gemaak

Wat is verskillende mense in ons Kerk se perspektief oor die Hervormde Kerk se pad vorentoe? Hierdie bydrae is die beskouing van Kristy Claassen, tans MDiv1-student by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

As teologiestudent het ek myself begewe in 'n studierigting wat my hele wese in beslag geneem het. Die roeping om my lewe in diens van Jesus Christus uit te leef, vul my met 'n opgewonde vrees terwyl daar verwondering in my opwel oor die wêreld van teologiese kennis wat voor my oopgaan. Kort voor lank verander hierdie verwagting in onsekerheid en ontugtering. Waarom hierdie vrees? Die Hervormde Kerk belewe 'n onstuimige tydperk, en die pad van bykans alle kerke vorentoe lyk onduideliker as ooit tevore.

In Genesis 26 lees ons hoe Isak die putte oopgrawe wat in Abraham se tyd gegrawe is. Skaapwagters sê *dié water behoort aan ons*, en Isak noem hierdie put *Rusie*. My studiejare speel af in onstuimige jare vir die Kerk, vol rusie. Gereeld hoor ek stemme opklink wat aanspraak daarop maak dat hulle die ware voortsetting van die Hervormde Kerk is. Rusie is nou die kenmerk van my Kerk.

Isak grawe 'n tweede put waarvoor gekla word, en noem die put *Klagte*. In die Kerk is ek as teologiestudent ook bewus van die klagtes wat heen en weer geloods word. Klagtes oor die leierskap van die Kerk. Klagtes oor my opleiding, dat die studente van die Kerk die evangelie versaak het en dat ons nie meer in Jesus Christus glo nie. Klagtes waarin studente nie geken word nie, die politieke speelbal van dié wat reeds die voorreg gehad het om hul studies te voltooi. Die klagtes word te veel om op te noem.

Dan word gevra wat die pad van die Kerk vorentoe is. Ek weet nie wat die pad van die Hervormde Kerk vorentoe is nie en of ek die impak van rusie en klagte in die Kerk werklik kan peil nie. *Bewaar wat aan jou toevertrou is*, is die leuse van ons teologiese studentevereniging, maar wat is aan ons toevertrou?

Ek vind berusting daarin dat Isak by 'n derde plek water gekry het. Rehoboth, of *Ruimte*, noem Isak dit. Hier is die plek waar die Here vir ons ruimte gemaak het in dié land. Ruimte vir my en my mede-teologiestudente om ons roeping uit te leef, ruimte om rusie en klagte agterweë te laat en om te fokus op die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan alle mense. Ruimte vir verantwoordbare vernuwings en hervormings van ons kosbare tradisie – op die plek waar Abraham eers waterputte met die name *Rusie* en *Klagte* gegrawe het. Dit is in hierdie ruimte, breë grond, waar ek dink die pad vorentoe lê. En wat ek nou weet en ervaar, is dat wat ek in die huidige tye deur my professore geleer word, in die tradisie lê van die pand wat aan hulle toevertrou was en aan ons toevertrou word. Hieraan het ek geen rede om te twyfel nie.

Kristy Claassen

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na produksie@nhk.co.za.



Ds PM Smith



Prop Antonie V van Staden



Ds Jasper en Cia van der Westhuizen



Dr Wim Dreyer

- **Emerituspredikant ds PM Smith** is Woensdagoggend 13 Maart oorlede. Hy was 95 jaar oud. Ds Smith is op 22 Januarie 1944 georden, en het die gemeentes Christiana, Dordrecht, Oos-Londen en Pretoria bedien. Hy was ook kompilator van kerklike publikasies en beriggewing. Ons innige simpatie gaan aan ds Smith se familie, wat dr Sanrie de Beer (kleindogter) en ds Pieter Smith (seun) insluit. (Die gedenkdienste vind plaas op Dinsdag 19 Maart om 11:00 vanuit Gemeente Pretoria, en word gelei deur prof Bart Oberholzer.)
- **Prop Antonie V van Staden** (1970) is op Vrydag 8 Maart tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV **gelegitimeer en beroepbaar gestel**. Hy is 'n seun van Gemeente Rustenburg-Suid waar sy vader, ds GJ van Staden, jare lank predikant was. Hy is ook 'n nasaat van ds Simon Vermooten (1887-1965), wat veral in Pretoria bekend was. Nadat prop Van Staden in 1995 toegelaat is tot die bediening, het hy 'n beroep ontvang na die kombinasie Rustenburg-Kloof/Rustenburg-Suid. In 1997 het hy 'n beroep aanvaar na die kombinasie Stoffberg/Roosenekal. Na ses jaar se bediening daar, aanvaar hy in 2003 die beroep na Sannieshof. Weens die finansiële onvolhoubaarheid van dié standplaas verander hy in Julie 2007 van lewenstaat. In 2013 keer hy dus na die bediening terug. Hy woon tans in Polokwane en is lidmaat van Gemeente Welgelegen-Pietersburg.
- Op Sondag 10 Maart het **Gemeente Randfontein Midpark** hul nuwe predikantspaar, **ds Jasper en Cia van der Westhuizen**, ontvang. Die bevestiging is waargeneem deur dr Christo van der Merwe. Die gemeente sê graag dankie aan **ds Wilhelm Steyn** wat maande lank as brugpredikant in die gemeente gewerk het.
- Die Universiteit van Pretoria het **dr Wim Dreyer**, die Kerk se dosent in Kerkgeskiedenis, se bestaande dienskontrak met 'n verdere drie jaar verleng. Hy is kragtens 'n ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit nou voltyds dosent.
- Die *e-Hervormer* het aan die einde van 2012 'n advertensie geplaas met die oog op die vul van die Hervormde Kerk se **vakante pos in Dogmatiek** aan die Universiteit van Pretoria. Die aanstelling word gemaak deur die Fakulteitskeurkomitee, waarin die Kerk 'n meerderheid van verteenwoordigers het en die Kerk deur die Ekumeniese Adviesraad (aangewys deur die Kuratorium) verteenwoordig word. Die Fakulteitskeurkomitee het eenparig besluit om 'n **aanstelling in die pos uit te stel tot 2014**, sodat daar eers meer duidelikheid kan kom oor die finansiële uitdagings wat die Universiteit en die Fakulteit tans in die gesig staar. Sodra daar in 2014 meer duidelikheid oor die aangeleentheid is, sal die vul van die pos weer aandag ontvang. Hierdie besluit is in lyn met die betrokke advertensie wat gemeld het dat die Universiteit die reg voorbehou om nie die pos te vul nie. In die tussentyd word lesings in Dogmatiek steeds deur 'n dosent van die Hervormde Kerk waargeneem op onkoste van die Universiteit. Die Kerk se ooreenkoms met die Universiteit bly onveranderd, naamlik dat die Kerk vyf poste in die Fakulteit Teologie kan vul.
- Op Vrydag 19 April 2013 van 14:00 af vind 'n oop gesprek oor die Kerk se teologiese opleiding by die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria plaas. **Prof Ernest van Eck** en **dr Kobus Labuschagne** sal as inleiers optree. Hierdie geleentheid, net soos ander wat deur die HTK gereël word, het die bedoeling om gesprek oor aktuele sake in die Kerk te stimuleer in die aanloop tot die AKV in September. Alle lidmate en ampsdraers is welkom om die geleentheid te kom bywoon.



- Voorbereidings vir die jaarlikse **ringsvergaderings** word nou reeds landwyd getref, aangesien die ringsvergaderings vanjaar vroeër as gewoonlik plaasvind in die lig van die 70ste AKV vanaf 22 tot 28 September 2013. Die ringsvergaderings sal ook beskrywingspunte wat aan die AKV voorgelê moet word, bespreek voordat dit aan die agendakommissie vir die AKV deurgestuur word. Ampsdraers wat op hierdie vergaderings sitting neem, is gebonde aan die Skrif, die belydenisse van die Kerk, die gebruike in die Kerk en die Kerkorde wat een geheel vorm. Waar gemeentes van die Kerk afgeskei het, neem die **afgevaardigdes** van die gemeente wat oorgebly het, sitting. Hierdie lidmate en ampsdraers is die wettige voortsetting van die betrokke gemeentes van die Hervormde Kerk. Predikante en ampsdraers wat meegewerk het om gemeentes van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) te laat afskei ("onafhanklik" te verklaar) asook lidmate wat vir die afskeiding gestem het, het daardeur hul lidmaatskap van die NHKA opgesê en het geen verdere verband met die NHKA nie.
- **Nuus van die Afrikaanse Samewerkende Kerke in Bulawayo. Ds Theuns Botha** laat weet dat die gemeente die naweek besoek word deur **ds Joseph Steyn van Orkney** wat al verskeie kere in die verlede die gemeente besoek het. Hy neem ook lidmate van Orkney saam. Die kerkraad en gemeente in Bulawayo waardeur die belangstelling en die bande wat gemeentes van ons Kerk met Bulawayo behou. Dit is vir hulle bemoedigend en daarsonder sou hulle dalk moedeloos word. Begin Februarie het **ds Kobus Pienaar en ds Andries Nel** en hul diakensvoorsitter **Jan Wilken** van **Gemeente Kruin** ook daar besoek afgelê. Hul oogmerk is om bande te bou oor landsgrense heen. Dit is met dié ondersteuning en hulp dat ons kan help voorsien in die behoeftes van bejaardes, veral mediese uitgawes, en skoolgeld vir kinders. So kon vanjaar ook begin word met 'n kerkskool wat 12 kinders akkommodeer wat andersins nie sou kon skoolgaan nie as gevolg van die hoë skoolgelde. **Gemeente Vliegepoort** in Thabazimbi en **Gemeente Middelburg-Noord** word veral bedank vir hul ruimhartige bydraes tot die skoolprojek.

Die gemeente in Bulawayo wil graag 'n uitnodiging rig aan almal wat dalk met die Paasvakansie na Zimbabwe gaan en deur Bulawayo gaan reis om dit te oorweeg om by hulle aan te doen. Daar sou ook gereël kon word vir oornagverblyf indien benodig. So bedank die gemeente ook elke lidmaat, kerkraad en ring wat gehelp het om die bediening in Zimbabwe te help befonds. Daar is baie mense wat net nie sonder daardie hulp sou kon lewe nie. Hulle versoek ten slotte om in lidmate se gebede onthou te word, veral met die oog op die komende referendum en verkiesing.

Navrae kan gerig word aan ds Theuns Botha by 00263 777008324 / 00263 241581 / camelhors@gmail.com. Sien ook hul Facebookblad: Afrikaanse Samewerkende Kerke Bulawayo vir berigte en foto's.

- **Bearbeiding in Paraguay.** Sedert die vroeë 1990's woon daar lidmate van die Kerk in Paraguay. Van die begin af het hierdie lidmate hulle steeds gebonde aan die Hervormde Kerk beskou, en vir die Kerk was dit uit die staanspoor belangrik om hierdie lidmate met pastoraat en Woord- en sakramentsbediening by te staan. In die noorde van die land, in die Chako, is daar 'n klein gemeente wat jaarliks deur predikante van die Kerk bedien word. Daar word eredienste en Nagmaal gehou, asook Bybelstudie en huisbesoek gedoen. In die ooste, by Caaguazu, is daar 'n groepie lidmate van die APK wat ook met huisbesoek, prediking en Nagmaal bedien word. Ander Afrikaners in die omtrek woon ook die eredienste by, al is hulle nie lidmate nie. Daar is by almal groot waardering vir die bediening. Deur die loop van die jaar samel die Chako-gemeente fondse in om die binnelandse reiskoste te dek, en die APK-lidmate lewer gewoonlik ook 'n bydrae.

Hierdie bydraes dek egter nie die vliegtuigkaartjies en ander uitgawes nie. Die Kerk het daarom destyds 'n trustfonds gestig om die bediening in Paraguay te finansier. Bydraes tot die fonds het die afgelope tyd afgeneem, terwyl die uitgawes



toegeneem het. Tans is daar net genoeg fondse om vanjaar se bediening volledig te bekostig. Die begrote koste beloop tans R20 000 tot R25 000 per jaar.

Alle gemeentes word vriendelik versoek om **bydraes te oorweeg** vir die bediening van lidmate in Paraguay. Gemeentes word versoek om ook individuele lidmate aan te moedig om bydraes tot die trustfonds vir die Paraguay-bediening te maak.

Bydraes kan inbetaal word by die Raad van Finansies:

Instansie: ABSA

Rekeningnaam: Raad van Finansies

Rekeningnommer: 020 000 287

Takkode: 632005

Verwysingsnommer: 16PARA + gemeente/donateur se naam (sonder NHK of Nederduitse Hervormde gemeente aangesien die velde op die deposito's beperk is)

Betalingsbewyse kan gestuur word aan mev Sarie Roux by kassier@nhk.co.za of faksnommer 086 633 2913.

- Die **NHSV Hoofbestuur** wil graag elke gemeente, predikant en NHSV tak van harte bedank vir die ruim bydrae wat die NHSV ontvang het vir die **deurkollekte van 2013**. Die bedrag gaan in 2014 in totaliteit aangewend word vir die NHSV beurse en lenings. Hierdie bydraes maak 'n enorme verskil in die toekenning van beurse en lenings. Die NHSV kon R509 000 aan beurse en lenings toeken – alles te danke aan gemeentes en NHSV takke se bydraes. Almal se positiewe gesindheid jeens die NHSV word opreg waardeer, en dit versterk ons hande in die verlening van hulp aan ons Hervormde studente. U donasie is vir ons 'n wonderlike en groothartige gebaar en u bereidwilligheid om ander in nood te help, is vir ons 'n inspirasie, en u ondersteuning op hierdie tasbare wyse word hoog op prys gestel. Baie sterkte met die werk wat u in u gemeente en NHSV tak verrig, en mag ons Hemelse Vader se seën op u werksaamhede rus. Ons verskaf graag die NHSV se bankbesonderhede indien daar nog gemeentes, takke of persone is wat 'n donasie wil stuur: NHSV HOOFBESTUUR ABSA REKENINGNOMMER 405 145 4181; VERWYSING: gemeentenaam. Faks bewys van betaling na 086 693 7955.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Moenie op rolstoelparkerings stop as jy nie in 'n rolstoel is of fisies gestremd is nie. Ook nie as dit reën nie. Of as jy net gou haastig is nie. Moenie. Punt.

- **Bydraes vir THT 2013.2.** Die sluitingsdatum vir bydraes tot die tweede uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (THT) is **8 April**. Die **tema** is die eerste deel (vrae 3-11) van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor sonde, 'erfsonde', bose en die 'duiwel'. Die artikel hoef nie spesifiek oor die Kategismus te handel nie, maar moet oor die tema handel. Kontak die redakteur, prof Natie van Wyk, by aim1@mweb.co.za of 082 448 4759 vir volledige inligting.

- **AGB-wenk:** Bejaarde persone is ons voorgangers – die meeste van hulle is self ook ouers van een of meer kinders. Kinders moet hul ouers eer en respekteer. Is dit die geval in jou gesin, gemeente en gemeenskap? Vir meer inligting oor bejaardesorg, kyk by www.diakens.co.za.

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of m.swanepoel@lantic.net. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.

- **Gemeente Wonderboompoort** bied 'n **koelkamer** te koop aan. Dit is 'n losstaande buitekoelkamer in goeie toestand, 2,6 m hoog, 3 m wyd en 2,4 m diep. Die temperatuur kan beheer word tussen 2 en 10 °C. Daar is geen rakke





aan die binnekant nie. Kontantaanbiedinge word ingewag **tot 31 Maart**. Die beste aanbod sal aanvaar word. Die koper moet asseblief self reël dat die koelkamer afgehaal word. Kontak Sieg Schwarzer (skriba) by 012 335 4181, 083 288 2779 of siegfrieds@telkomsa.net.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Ventersdorp: Sondag 17 Maart 09:00 vir 09:30**
100-jaar-herdenking van inwyding van die kerkgebou
Lidmate, oudlidmate, kinders en belangstellendes welkom
Skakel ds Marius van Vuren by 018 264 2236
of gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
- **Gemeente Bergsig: Sondag 17 Maart om 18:00**
Paassangdiens
Verrigtinge in die kerkgebou, versnaperings in die kerksaal
Sangpaar Nantes en Adel lei die sangdiens
Navrae aan Elmarie by 082 377 0747
- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
of arnonieuwhof@gmail.com of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
 - Saterdag 16 Maart: Di Gerrie Botha (Viljoenskroon) en Arie Kuyper (Villieria)
 - Sondag 17 Maart: Dr Daan van Wyk sr (emeritus)
 - Maandag 18 Maart: Di Pieter de K Furstenberg (Richardsbaai), Robby Pienaar (Ogies) en Piet van Staden (emeritus)
 - Woensdag 20 Maart: Di Hannelie Botha (beroepafwagting), André Harmzen (buiteland) en Lou Swanepoel (emeritus)
 - Donderdag 21 Maart: Ds Paul Jooste (emeritus)

Beplande vergaderings

- Donderdag 14 Maart: Direksie van die Monumenttehuise
ADV-kommunikasie
ADV-dagbestuur (Telefoonkonferensie)
- Vrydag 15 Maart: Finkom van die OSR
- Maandag 18 Maart: Raad vir Erediens
- Dinsdag 19 Maart: ADV-kommunikasie
NHKA Predikante-aftreefonds
- Woensdag 20 Maart: Direksie van Ons Tuis

Kursusse en toerusting

- **RDV Wes-Kaapland: MIV-werkwinkel**
Saterdag 16 Maart 08:30 vir 09:00
By Gemeente Kaapstad, preekpunt Tygerberg
ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
Navrae aan Tarbi Prinsloo (RDV-voorsitter) by 083 228 5590
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264



Konserte en feeste

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie**
Aansitete tydens die optrede
Volwassenes R100 per persoon
Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
By Klipfontein-laerskool
Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
of Rachel Bothma by 013 697 0455

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
Mopani Lodge, net buite Pretoria
Sprekers ds Janine Bevol-Manders en ds Marna Naudé
Piekniek, kenmekaar en lofprysing Vrydagaand
Pretloop Saterdagoggend, aromaterapiesessie, *high tea*
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
Bespreking met betaling van R200 deposito
Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 of janapeenze@vodamail.co.za
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of stef1@absamail.co.za
- **Konteks-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
Toerleier: Prof Ernest van Eck
Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
ernest.vaneck@up.ac.za
of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
louise.geyser@absamail.co.za
- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
Beleef God in die voetspore van Jesus
Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
of per e-pos by faniebeukes@yahoo.com

Basaars en markte

- **Saterdag 16 Maart 08:00 tot 13:00**
Gemeente Bergsig: Diakens se straatverkope
Vingerlek lekker gebak – groot koeke, terte, kolwyntjies, piesangbroodjies, pannekoek, nagereg, koeksisters en soutigheid
hv Mignon- & Karel Trichardt-straat in Mountain View
(skuins oorkant Mountain View Spar)
Navrae aan Elmarie by 082 377 0747
of Neeltjie by 076 428 8142

GEMEENTES HARTBEEFFONTEIN EN GERDAU: FONDSINSAMELING

Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery

Geleentheid om R50 000 in te samel

Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie

Betaal R5 000 vir pakket van R55 000

50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd

Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!

Trekking in Oktober 2013

Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein

by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of barrypret@lantic.net

Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253



ANDER NUUS

- **Mev Mariaan Steenkamp** van die Ondersteuningsraad se moeder is Dinsdagaand 12 Maart oorlede. Sy was 81 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan Mariaan en hul familie. (Die roudiens vind op Vrydag 15 Maart om 10:30 vanuit die NG gemeente Waterberg in Nylstroom plaas.)
- **Mev Annerien Lewis** van die Afdeling Finansies in die Sinodale Kerkkantoor het op Saterdag 9 Maart die lewe geskenk aan 'n seuntjie, Jonathan. Baie geluk aan Annerien, Quintin en hul dogter!
- **Die OSR** (die OSR is nou amptelik die Ondersteuningsraad se verkorte naam) het **poste** vir gekwalifiseerde, Afrikaanssprekende **maatskaplike werkers** by die volgende kantore beskikbaar: Pretoria; Vanderbijlpark; Kempton Park; Lydenburg; Nylstroom (halfdagpos); Elsburg; Rustenburg. CV's kan gerig word aan oraad@nhk.co.za, of skakel 012 322 8885 x290 om 'n aansoekvorm te bekom. **Sluitingsdatum: 15 Maart 2013.**
- **Dinsdag 19 Maart is Internasionale Maatskaplikewerkdag.** Die OSR vier hierdie dag met al haar kantore landwyd. Dit is die OSR se opregte hoop dat mense op hierdie dag sal dink aan en sal uitreik na die maatskaplike werkers wat onder baie moeilike omstandighede en dikwels in gevaarlike situasies die enigste buffer is tussen 'n woedende en aggressiewe ouer en hul weerlose kind(ers). Hulle sê ook dankie vir die voorreg om op hierdie wyse deel van die Kerk te wees.
- Die **OSR Pretoria** se **jaarlikse vakansieprojek** in die Maart-skoolvakansie vind plaas van **25 tot 28 Maart** en fokus op die **laerskoolkinders** by wie die maatskaplike werkers betrokke is (pleegkinders, kinders in plekke van veiligheid, ensovoorts). Die doel is om die kinders konstruktief tydens die vakansie besig te hou. Die koste beloop ongeveer R180 per kind vir die vier dae, en sluit uitstappies, vervoer en middagetes in. Indien u enige verdere inligting benodig of 'n skenking wil maak, kan Natasha van Tonder by 012 325 2320 / oraadpretoria@nhk.co.za gekontak word.
- **Linmar Werkskepping** is 'n projek van die **OSR Krugersdorp**, waar werklose vroue opgelei is om naaldwerk te doen. Produkte wat gemaak word, word verkoop vir inkomste. Die projek kry skenkings van voedsel, en benodig 'n vrieskas om die bederfbare produkte gevries te hou. Hiermee dus 'n vriendelike **versoek** vir die skenking van 'n **tweedehandse vrieskas**. Enige navrae kan aan Magda Erasmus by 011 952 1197 gerig word.



Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks van ongeveer 110 woorde (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die e-Hervormer berus by die redakteur.

“Watter inspirerende verhaal van Nomsa Mnguni! 'n Bewys dat waar ware geloof, liefde en omgee bymekaar kom, die Here aan ons wys dat Hy groot is. Mag Nomsa groot hoogtes bereik, en geluk aan Katrien, Sannie en Johan wat so 'n verskil aan Nomsa se lewe gemaak het.”

Ds Elsie Pretorius

“Johannes Nel veralgemeen darem wyd in sy kommentaar (e-Hervormer 7 Maart) oor ons predikante se prediking, en glo dat God ongeduldig is met hulle. Sy stellings, wat woorde soos *slegs* en *nooit* bevat, sal waarskynlik nie statisties gestaaf kan word nie. Hiermee sê ek nie dat predikante se prediking nie beoordeel mag word nie. Laat ons mekaar egter gun om verskillend te wees, soos die evangelis Johannes van die ander evangeliste verskil – mits ons saam met die kerk by die volheid en die waarheid van die Woord bly met woorde wat geestelik opbou, bemoedig en vertroos.”

Ds Wilhelm Steyn (emeritus)

AGTERBLAD

Verklaring deur Van der Hoff

In die twis wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sedert die 69ste Algemene Kerkvergadering beleef, is die opleiding aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie onder verdenking geplaas. As deel van hierdie debat, is uit verskeie oorde kommer uitgespreek oor die geloof van die teologiese studente wat opleiding by die Fakulteit ontvang.

Die Van der Hoff Hervormde Teologiese Studentevereniging het kennis geneem van hierdie ongegronde bewerings, en verklaar nou, in Februarie 2013, die volgende:



1. Ons verbind ons aan die Woord van God.
2. Ons onderskryf die Ekumeniese Belydenisse van die Kerk, asook die Drie Formuliere van Eenheid, sonder voorbehoud. Ons almal, sonder uitsondering, glo dus soos die Kerk en saam met die Kerk.
3. Ons onderskryf die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
 - Die Woord van God is die norm waaraan alle kerklike dokumente en belydenisse gemeet word.
 - Die 66 boeke van die Bybel is as kanon afgesluit. Geen ander dokumente en/of bronne aangaande die geloof, insluitend maar nie beperk tot die belydenisskrifte, staan op gelyke voet met die Bybel nie, maar kan wel saam met die Bybel gebruik word om die geloofslewe en geloofsbegrip van lidmate van die Kerk te bevorder.
4. Ons ondersteun die teologiese opleiding by die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
 - Ons wat self by die Fakulteit opgelei word (en daarom daagliks met die dosente van die Kerk op verskeie wyses in kontak is), kan getuig dat ons tot op hede nog geen dwaalleer of leerstellings teenstrydig met die evangelie van Jesus Christus waargeneem het nie.
 - Navorsing en teologiese opleiding geskied in lyn met die kritiese aard wat Bybels-Reformatoriese teologie sedert die begin gekenmerk het, en wat tot die bevordering van die geloof aangewend word.
 - Historiese Jesus-navorsing word aangebied om die studente (as voornemende predikante) in staat te stel om vrae wat hieroor by lidmate mag leef ingelig, sinvol en gebalanseerd te kan antwoord. Hierdie navorsing word in die lesings so aangebied dat alle uitsprake oor die historiese Jesus sonder uitsondering aan die belydenis van die Kerk gemeet word. Die lesings oor hierdie tema stel ook duidelik dat dit een van vele benaderinge in die teologie is om die Christologie te ondersoek, en nie die enigste benadering is nie.
 - Ons ondersteun die dosente by die Fakulteit Teologie.
5. Ons ondersteun die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:
 - Ons ondersteun die kerkleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat deur die betrokke vergaderings verkies is.
 - Ons berus ons by besluite van die kerkleiding en vergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Indien daar omstandighede ontstaan waarin ons van die kerkleiding en vergaderings se besluite verskil, neem ons ons voor om ons besware op kerkordelike wyse te hanteer en te berus by die gevolglike besluite.

Bestuur 2013

Voorsitter (Praeses): Gerrit-Daan van der Merwe

Ondervoorsitter (Assessor): Aniena Prinsloo

Sekretaresse (Abactis): Liza Steenekamp

Tesourier (Fiscus): Quinten Schimper

